Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

NASIONALE

STRATEGIE VIR LEERDERPRESTASIE

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL SEPTEMBER 2009

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings..

   AFDELING A: Opstel (50 punte)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30 punte)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste (20 punte)

2. Beantwoord EEN vraag in elke afdeling

3. Nommer die vraag wat jy in elkeen van die afdelings kies, presies soos op die vraestel.

4. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op ’n NUWE dubbelbladsy begin.

5. Doen die beplanning/redigering (in potlood) op die linkerkantste bladsy en trek ’n streep deur jou beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

6. Skryf die finale produk (in pen) op die regterkantste bladsy.

   VOORBEELD:

BEPLANNING (aan die linkerkant) Jou beplanning / redigering KAN só lyk:	**1.1 FINALE PRODUK** (aan die regterkant)



7. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

8. Skryf netjies en leesbaar

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies **EEN** vraag en skryf **250 – 300** woorde oor die onderwerp.

1.1 **Toe ek hom / haar sien, toe wéét ek ...**

Dink aan:

Wat het jou aandag getrek?
Watter belangrike ontdekking het jy toe gemaak?
Hoe het dit jou geraak?

[50]

OF

1.2 **As *EK* president van die land was, sou ek ...**

Dink aan:

Aktuele sake wat jy sou wou verander.
Oorweeg huidige vraagstukke (probleme) en bied oplossings aan.

Wees realisties.

[50]

OF

1.3

Die grootste gawe in die lewe is om lief te hê.

Skryf 'n opstel waarin jy die waarde van dié stelling ondersoek

Uit Huisgenoot: 1 Mei 2008

Dink aan:

- Ander deugde / eienskappe wat ook belangrik is
- Dinge wat dalk waardevoller as liefde kan wees
- Onthou om beide kante van die argument te stel

OF

1.4

Suid-Afrikaners het baie redes om trots op ons land te wees

Uit Huisgenoot: 1 Mei 2008

UIT: www.sa-venues.com

Dink aan:

- ons natuurskoon
- prestasies
- diversiteit
- toekomsverwagtinge

[50]

OF

1.5 **Nou moet die eksamen kom,**
want ek is *SO* reg vir die grootmenswêreld!

Skryf 'n opstel waarin jy oor jou drome en verwagtinge uitbrei.

[50]

OF

1.6 Kies een van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Voorsien jou skryfstuk van 'n titel.

1.6.1



Uit: WEG; Junie 2009

OF

1.6.2

Uit: the ladderopenspace.wordpress.com

OF

1.6.3

Uit: Die Burger; Mei 2009

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

Kies EEN vraag en skryf **120 – 150** woorde oor die onderwerp.

2.1 E-POSBOODSKAP

Lees die onderstaande e-posboodskap en voer dan die opdrag uit



Jy sien nie kans vir dié partytjie nie. Skryf 'n e-posboodskap aan jou maat om die uitnodiging taktvol van die hand te wys. Voer redes aan waarom jy die partytjie sal moet misloop. Jou vriend se e-posadres is willepat@vetpret.co.za

[30]

OF

2.2 DIALOOG

Uit Huisgenoot; Mei 2009

Jy ervaar spanning oor 'n probleem in jou lewe. Jy besluit om met 'n opvoeder daaroor te praat. Skryf die gesprek in dialoogvorm neer.

[30]

OF

2.3 **TOESPRAAK**

As voorsitter van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) moes jy die leerders van jou pligte bewus maak en aan hulle verduidelik hoe om in die toekoms goeie leiers te kies wat hulle kan verteenwoordig. Skryf die toespraak neer wat jy tydens 'n skoolbyeenkoms gelewer het.

[30]

OF

2.4 **KOERANTBERIG**

Skryf 'n koerantberig wat op **een** van die opskrifte gebaseer is.

Leerder wen vakansie in skoolkompetisie

Top matrikulant ten spyte van struikelblokke

Leerders gevind na nag in berge

[30]
TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN-EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

Kies EEN vraag en skryf **80 – 100** woorde oor die onderwerp.

3.1 **ADVERTENSIE**

Jy wil graag ekstra geld verdien om jou sakgeld aan te vul. Ontwerp 'n advertensie vir jul plaaslike koerant waarin jy jou dienste oor naweke beskikbaar stel. Dui duidelik aan watter soort werk jy graag wil doen en oor watter vaardighede jy beskik.

Onthou: Jou advertensie moet prikkelend en informatief wees en die leser oorreed om van jou dienste gebruik te maak.

[20]

OF

3.2 **UITNODIGING**

Julle skool hou oor 'n maand 'n fondsinsamelingsfunksie vir jong kinders wat deur Vigs geraak word.

Skryf 'n formele uitnodigingskaartjie aan die naburige skole waarin jy die aard van die funksie verduidelik en hul leerders en onderwysers nooi om die geleentheid by te woon.

[20]

OF

3.3 **POSKAART**

Jy bevind jou by jou droomvakansiebestemming. Stuur 'n poskaart aan jou maat waarin jy die plek beskryf en wens dat hy/sy ook daar kon wees. Onthou om ruim van jou sintuie gebruik te maak.

Teken die poskaartvorm oor op jou antwoordblad.

Poskaart	

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100